# Hillcrest High School

Graad 12

## AFRIKAANS EAT V3

SEPTEMBER 2023

PROEFEKSAMEN

**PUNTE:** 100

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Mev. A. Meiring

INLIGTING EN INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-,informatiewe en Transaksionele Tekste. | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

   Afdeling A: 60 minute
   Afdeling B: 40 minute
   Afdeling C: 20 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250-300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe in VRAAG 1.1 – 1.8.
- Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.
  By vraagnommer 1.6, 1.7 of 1.8 moet jy jou eie TITEL gee. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.1 Dit was 'n ongeluk. [50]

1.2 Die lewe is kort. [50]

1.3 Gesondheid is belangrik. [50]

1.4 Geld kan alles koop. [50]

1.5 My droom vir my land, Suid-Afrika. [50]

1.6



[Travel Triangle] [50]

1.7



[Success Training Institute] [50]

1.8



[Pinterest]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 INFORMELE BRIEF

'n Onderwyser het jou in sy/haar vrye tyd gehelp om vir hierdie eksamen voor te berei. Jy wil vir die onderwyser 'n brief skryf om dankie te sê.

Skryf die INFORMELE BRIEF aan die onderwyser. [30]

2.2 FORMELE BRIEF (AANSOEKBRIEF)

Die advertensie hieronder het op 15 April 2023 in *Die Sonskynnuus* verskyn.

# Sonstraal Supermark

Ons benodig 'n kassiere om elke weeksdag van 08:00 tot 16:00 te werk.

Doen aansoek by:

Die Bestuurder
Sonstraal Supermark
Posbus 587
Sonskynland
0033

In jou aansoekbrief moet jy die volgende noem:

- ❖ Kwalifikasies/Hoogste graad geslaag
- ❖ Karaktereienskappe
- ❖ Ervaring
- ❖ Taalbevoegdheid
- ❖ Volledige kontakbesonderhede

Salaris onderhandelbaar.
Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Julie 2023

Gebruik die inligting in die advertensie om vir hierdie werk aansoek te doen.

Skryf 'n FORMELE AANSOEKBRIEF aan die bestuurder. [30]

2.3 KOERANTBERIG

Jy is lid van 'n organisasie wat 'n program het om straatkinders te help. Die plaaslike koerant het jou gevra om 'n koerantberig oor hierdie hulpprogram te skryf.

Skryf die KOERANTBERIG neer. [30]

2.4 INFORMELE TOESPRAAK

Jy is bekommerd oor julle omgewing wat so vuil is. Jy is 'n spreker by 'n vergadering met die gemeenskap waar jy vir hulle gaan vertel waarom 'n vuil omgewing gevaarlik is. Sê ook vir hulle wat hulle kan doen om julle omgewing skoon te hou.

Skryf die INFORMELE TOESPRAAK neer. [30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 ADVERTENSIE

Jy het 'n moderne selfoon wat jy wil verkoop. Jy wil dit adverteer.

Ontwerp die ADVERTENSIE. [20]

3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS

Jou beste maat vertrek oor twee dae om in 'n ander provinsie te gaan bly. Môre is julle laaste dag saam.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die aand vóór julle laaste dag saam.
- Die aand nádat julle van mekaar afskeid geneem het. [20]

3.3 RIGTINGAANWYSINGS

Die hoërskool hou Saterdag 'n familiedag. Mense wat die familiedag wil bywoon, kan vanaf die hoërskool tot by die park stap.

Gee duidelike rigtingaanwysings vanaf die hoërskool tot by die park. Noem 'n paar straatname en bakens.

Skryf die RIGTINGAANWYSINGS puntgewys en in volsinne neer. [20]

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100

KLEUR DIE PRENT IN!

